LAERSKOOL BOEREFORT : 1953

In 1953 is mej Elizabeth J.v.W. Lindhout en mej Aaltje van Veen deur Inspekteur P. Conradie genader om die skool te begin.
Op 28 Julie 1953 was daar 113 leerlinge teenwoordig met die opening van die "De Beer-straat Skool".
Die skool se leuse was : "Bou 'n nasie"



Die skool het bestaan uit :
4 gewone klaskamers;
3 grade;
1 groot personeelkamer;
1 kantoor met groot brandkas;
2 stoorkamers;
1 kombuis met koolstoof;
2 personeel kleedkamers;
kleedkamers vir seuns en meisies;
bediendekamer met kombuise en koolstoof;
stoorkamer, kleedkamer en stortbad

Die personeel het bestaan uit :
Mej E. Lindhout (Hoof);
Mej A. v. Veen;
Mev C. Haupt;
Mev B.H. Swanepoel;
Mev E. Henrico (deeltydse sekretaresse)

Die leerlinge was in 1953 geregtig op 'n driepennis voedingstoelae per skooldag. Hulle het melk op Maandae, Woensdae en Vrydae gekry, vrugte op 'n Dinsdag en Vis of vleisfrikkadelle op Donderdae.

Hier volg 'n paar interessante foto's van leerlinge en onderwysers, asook die oorspronklike dokumente waaruit bogenoemde inligting verkry is.

Die Skolierpatrollie

Lentedag – 1953

Leerlinge – 1953

Leerlinge – 1953

Partytjie-tyd!!

Die eerste onderwysspan van 1953